

12

HERSIENING LESSE 1-11

Evaluering van kennis

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die belangrikste feite van Lesse 1-11 hersien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 1-11 ken.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 1-11 te leer en te ken.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprent van die werk te kry.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- dit wat hulle by elke les geleer het, in hul eie woorde weer te gee.
- dit wat hulle in Lesse 1-11 geleer het, te gaan uitleef in hul alledaagse lewe.

MEER INLIGTING

- Hierdie kategeseboek se titel is *God is Koning*. Dit beteken God heers oor ons omdat Hy ons liefhet.
- In Lesse 1-11 het ons na die volgende belangrike sake gekyk:
 - God is koning want die natuur luister na Hom. Hy het die natuur gebruik –
 - om ongehoorsame mense te straf.
 - om die ark te laat dryf en mense te red.
 - God, wat die heelal skep uit niks, se mag is groter as enigiets anders – Hy is koning.
 - God roep Abram, maar ook vir ons, om sy werk te gaan doen – Hy is koning. Ons moet Hom respekteer.

- Jesus is opgewek uit die dood en so is die dood en die sonde oorwin.
- Ons moet saam met ons ouers die regte vriende kies.
- God doen wat Hy belowe.
- God sien vooruit – Hy verander slegte dinge ten goede.
- God gee uitkoms as daar moeilikheid is.
- Taal kan afbrekend of opbouend wees.
- Ons moet God vertrou, want Hy maak gesond.
- Jesus kom weer, en daarom moet ons gereed wees.

Jy het nodig

- 'n Lys vrae vir elke kind. Gebruik IETS BELANGRIK by Lesse 1-11 en stel die vrae daaruit op. Vra net vrae oor die belangrikste sake.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

VANDAG ONTHOU ONS

BEGIN SO

- Beklemtoon die belangrikste sake van Lesse 1-11 by MEER INLIGTING hierbo.
- Gebruik HET HULLE ONTHOU? uit al die lesse en beklemtoon dit weer vir die kinders.
- Doen dit soos jy verkies.
- Jy kan byvoorbeeld weer die volgende verduidelik:
 - Die tema van elke les.
 - Die aktuele saak waaroor elke les gehandel het.
 - Die feite wat die kinders onder die opskrif *Leer* moes gaan memoriseer.

IETS OM TE DOEN

Deel die lys vrae wat jy opgestel het uit en laat hulle dit tuis gaan voltooi en die inhoud daarvan leer.

AFSLUITING

Laat een van die kinders afsluit met gebed.